

ST. RICHARD VAN CHICHESTER

3 APRIL

(1197-1253)



Sy ouers sterf toe hy klein was en die voogde wat oor hom aangestel was vermors sy erfgoed sodat hy as armlastige opeindig. Hy verduur baie ontberings, maar deur harde werk en baie opoffering slaag hy tog daarin om aan die universiteite van Oxford, Parys en Bologna te studeer. In 1235 word hy aangestel as kanselier van die universiteit van Oxford en in 1244 word hy deur die pous tot biskop van Chichester benoem, hoewel die Engelse koning Hendrik III sy aanstelling betwis het. Die koning en sy trawante maak die lewe moeilik vir hom maar uiteindelik slaag hy daarin om sy biskopsetel in te neem. Hy was 'n ware sieleherder wat baie eenvoudig geleef het en alles wat hy kon gedoen het om die lot van die armes te verbeter. Ná sy dood is talle wonderwerke by sy grafombe aangeteken.